# JAAP ZEEMAN

## 3. Bloed op die branders



Frans Gericke

JAAP ZEEMAN-REEKS

# BLOED OP DIE BRANDERS

deur

FRANS GERICKE

G. J. Erwee
28 Cilliersstraat
Sunnyside
Pretoria

Uitgegee deur

SENTRALE UITGEWERS,
POSBUS 53, PRETORIA

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur die
V en R Drukkery, Paul Krugerstraat 39-43,
Pretoria

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy. |
|---|---|---|
| 1 | Die Sinkende Galei | 5 |
| 2 | In die Slawekerkers | 11 |
| 3 | Die Sôk van Tarâboel | 18 |
| 4 | Die lot van Rosa | 26 |
| 5 | Yaäb-Reis | 34 |
| 6 | Na die Skavot | 41 |
| 7 | Bloed oor Tarâboel | 50 |
| 8 | Terug in die Gevaar | 54 |
| 9 | In die Vesting van die Vyand | 62 |
| 10 | Die aanval op die Skoener | 66 |
| 11 | Die Dood vier Hoogty | 72 |
| 12 | Die Hart van 'n Leeu | 77 |
| 13 | Een Sterwe | 83 |
| 14 | Na die See! | 89 |
| 15 | Die slag teen die Galeie | 93 |

In hierdie verhaal .........

Bloed op die Branders:

Die wreedste lewe wat die wêreld ooit opgelewer het, is die lewe aan die Noordkus van Afrika.

Hier vind u totale meedoënloosheid omdat die mense almal fanatieke is.

Hier vind u ook ongelooflike dapperheid, roetelose waagstukke wat af en toe geslaag het.

Dit is 'n boek so pakkend as wat daar maar ooit in ons letterkunde verskyn het.

Hoofstuk 1

# DIE SINKENDE GALEI

Die sweep van die bootsman fluit langs Jaap Zeeman se oor verby en die voorslag vreet 'n diep sny deur die bladvleis van Jaap se bankmaat, Jones.

'n Gesmoorde kreun ontsnap die pynvertrokke lippe van die reeds sterwende Engelsman. Die galeislawe rondom hom weet dat die Engelsman nog slegs 'n paar ure sal lewe.

Hy was 'n sterk man gewees en 'n moedige - een van die weiniges wat nog af en toe 'n grappie kon maak hier waar hulle, foltergedoemdes, aan hul lang roeispane vasgeketting is. Maar nou is hy klaar. Drie-vier dae al lyk hy bleek, hou hy geen kos binne nie, rol die sweet van sy voorhoof af wanneer hy die eerste trek aan sy spaan gee.

Die bootsman weet ook dat die Engelsman sterwend is. Maar hy is vasbeslote dat die man se laaste stuiptrekkings as dryfkrag vir die galjoot sal dien. Veral nou dat die galjoot vinnig lek en die noordkus van Afrika nog slegs 'n geel waas in die verte is. Indien die rowerkaptein en sy skat gered moet word, sal hierdie tagtigtal galeislawe moet roei soos hulle nog nooit in hul lewens geroei het nie.

Tong ... tong ... tong ... slaan die ghong die maat. Tot die uiterste gedryf deur hul vrees vir daardie moorddadige sweep, span die roeiers die laaste greintjie wanhopige krag in hul werk. Sit op die bank, stoot die spane met uitgestrekte arms na vore totdat die leë mae teen die knieë gedruk is. Dan, by die „tong ..." die liggaam met 'n geweldige ruk agteroor gegooi, die vyftien-voet lang spaan opgetrek totdat dit voel asof rug- en armspiere skeur, op tot bo teen die bors. Een snakkende ademteug en dan weer af om die hele smartvolle proses te herhaal .... eindeloos .......

„Vinniger!" skree die Kayia aan die Bootsman: „Vinniger!" skree die bootsman aan die ghongslaner.

Hoe kan dit vinniger? Sweet stroom reeds af oor blank en geel en swart huide. Die gesnak na asem klink soos bottels wat oopgaan.

Tong, tong, tong. Al vinniger gaan dit. Die sweep fluit en klap nou aanhoudend. Kreune meng met die asemgesnak. Gille smelt saam met die ghongslae.

Af, af, ô-op! Honderde male, ure aaneen. Jaap voel dat selfs sy jeugdige kragte begin ingee. Swart kolle dans voor sy oë in die verblindende son wat op naakte gemartelde lywe neerbrand.

O-op, â-af, tong ...

'n Kreun van Jones. Hy bly sit op die bank. Sy arms hang slap. Die sweep vreet in sy rug. Hy sak op die dek neer. In die stygende water aan die voete van Jaap en die twee swart bankmaats, bly hy lê. Hy sal nooit weer opstaan nie. Gelukkige man! Hy is nou uit hierdie hel verlos.

Daar is nie meer reserwe-slawe op die galjoot nie. Die laaste een is 'n paar uur gelede uit die ruim opgehaal toe 'n vorige roeier gesterwe het. Jaap en die twee negers aan die onderent van die spaan, moet dit nou alleen hanteer. Die sweep klap om hulle drie aan te moedig om die vier man se werk te doen.

Abrahm-el-Marek, op die bank voor Jaap, kyk vlugtig om. Elke spier op die geel gesig is gespan soos Abrahm aan sy spaan trek, maar daar is aanmoediging in die swart oë.

"Moed hou, Yaäb-Reis!" prewel die Arabier.

Jaap dwing 'n waarderende glimlag om sy stroewe lippe.



Hy het die hart van 'n leeu, daardie klein Arabier. Hy is een van die weinige slawe teenoor wie Jaap soms 'n paar woorde besig in die ysige nagte wat die eentonige opvolging van skroeiende dae afwissel. Hy is 'n Bedouin, 'n aristokraat wat galeislaaf gemaak is omdat sy familie hulle die vyandskap van die Basja van Tripoli op die hals gehaal het.

Die skip waarmee Jaap op pad was van die Kaap af na Nederland, het drie maande gelede gestrand aan die Noordweskus, daar vér anderkant die poorte van Hercules. Jaap en die paar ander bemanningslede wat die strand bereik het, is deur die Arabiere gevang. Wat van sy vriende geword het, weet Jaap nie. Maar hyself is, weens sy forse liggaamsbou, tot galeislaaf gemaak.

Drie maande gelede is die ysterring wat nou om sy enkel skawe, vasgeswys en is hy aan hierdie bankie geketting. Nie een keer gedurende daardie negentig dae was hy van hierdie bankie af weg nie.

Hier in die stank van vuil en sweet het hy van voordag tot skemer geroei in vlammende songloed en gietende reën. Hier het hy snags ongemaklik sit en slaap. Hier het hy sy skraps rantsoen van muwwe brood en stinkende water genuttig. En hier het hy af en toe 'n woordjie gewissel met Jones of met Abrahm.

Nooit, vir drie maande, het sy hare of baard 'n skêr gesien nie. Nooit het sy lyf water gevoel nie, behalwe die seldsame stortbuie.

Hoe kon hy die negentig dae van hel deurlewe? Abrahm vertel dat 'n sterk man gewoonlik die eerste sestig dae sterker word. Daarna verswak hy. Weiniges lewe langer as 'n honderd dae.

Abrahm self is 'n uitsondering. Hy is al byna 'n jaar hier.

En Gog, die negerreus daar aan stuurboord, is al drie jaar aan sy bankie vas geketting! Hy spog dat dit 'n wêreldrekord is.

Die water wat in die galei instroom, styg nou vinniger. Dit is al oor die gesig van die lyk van Jones.

Roei word moeiliker. Laer en laer af moet die roeispane gestoot word om hulle bokant die golwe te lig. Die sweepslae klap onophoudelik, maar die vooruitgang word al stadiger.

'n Windjie stoot van die kus af op. Met al hul wanhopige kraginspanning kan die slawe nie meer die voertuig teen stroom en wind in beweeg nie.

„Dit is die einde!" sê Abrahm. „Die kaptein sal die galjoot moet prysgee." Sy stem is skaars meer as 'n fluistering, afgebreek elke keer as hy die spaan op trek. "Dit is vaarwel tussen u en my, my vriend!" Daar is 'n tikkie weemoed in die sagte welluidende stem.

„Jy bedoel ons sal verdrink?" vra Jaap in die bietjie Arabies wat Abrahm gedurende drie maande in sy kop in gepomp het. „Daar is die skuite!"

"In die skuite is daar hoogstens vir agt roeiers plek," sê Abrahm. „Die agt sterkstes van ons sal gekies word. Jy is een van hulle, ek nie!"

Die kaptein praat vanaf die gebroke dek:

„Staak die roeiery. Kap vir my die agt sterkste roeiers los!"

Die ghongslaner los sy stok, die bootsman sy sweep. Met kromswaarde in die hande, stap hulle met die gang tussen die roeiers op.



Die bootsman begin dadelik kap aan die dwarshout waaraan Gog se kettings vas is. Die ghongslaner kom na Jaap toe, begin aan sy dwarshout kap.

Dit gaan maar stadig. Meteens gryp Jaap die swaard uit die ghongslaner se hand en begin hy self aan die dwarshout kap.

Daar is vir 'n oomblik opskudding onder die vrybuiters wat saam met die kaptein oor die reling toekyk. Maar as hulle sien dat Jaap slegs homself loskap, en dat hy dit veel meer doeltreffend as die ghongslaner doen, verslap die spanning.

Jaap is los. Vir die eerste keer in drie ewig lange maande is hy nie meer aan daardie dwarshout vas nie! Die swaar ysterkettings is nog om sy enkel, maar hy voel so vry soos 'n voëltjie.

Die ghongslaner wil sy swaard terug neem, maar Jaap du hom weg.

Vir een klein oomblikkie staan Jaap Zeeman fier en trots orent met die kromswaard in sy hand. Wat 'n geleentheid kon dit gewees het! Hy sien kans om vir homself 'n pad tussen die Arabiere heen te hak.

Maar wat sou dit help? Rondom hom is die see en met hierdie kettings om sy enkel, sal selfs hy nie 'n sekonde lank bo water kan bly nie.

Nouja! Is 'n goeie geveg en daarna 'n waterdood nie verkieslik bokant die lewe van 'n galeislaaf nie?

„Jou verstand gebruik, Sahib Blou-oog!"sê Abrahm. „Behou die lewe. Daar mag later 'n kans kom om te ontsnap - om wraak te neem!"

Wraak! Wraak teen die Islamietiese wreedaards! Daardie

woordjie, „Wraak", vind 'n snaar in Jaap se hart. Hy sal nie 'n sotheid aanvang nie. Hy sal lewe - tot die dag wanneer hy kan wraak neem.

Hy stamp die ghongslaner met 'n elmboog uit sy pad. Hy gaan na Abrahm se bank, begin dadelik kap aan sy vriend se dwarshout.

'n Sestal vrybuiters wip oor die reling van die gebroke dek. Sloffend waad hulle oor die roeidek. Skimitar in die hand kom hulle op Jaap aan.

„Staak dit!" roep die kaptein. „As Blou-oog vir my nog 'n slaaf wil red, laat hom begaan. Daardie klein verraaier, Abrahm, sal 'n goeie prys haal op die slawemark van Tripoli!"

Onderwyl Jaap aan Abrahm se dwarshout hak, fluister die Arabier: „Sahib Blou-oog, jy is 'n bevoorregte man! Allah werk deur jou arm! Allah wil dat ek sal vrykom om my te wreek op my en jou vyande! Allah is groot!"

Sodra Abrahm los is, oorhandig Jaap sonder 'n woord die kromswaard aan die ghongslaner. Nege slawe is los. Hulle word met die trap op aangedrywe na die gebroke dek.

Hulle word tussen die twee skuite verdeel, vier in die een, vyf in die kaptein se skuit. Hulle neem hul plekke aan die rieme in. Hoe wonderlik om weer 'n ligte spaan te hanteer ná die maande aan die geweldige swaar galeirieme!

Daar kom 'n gekerm vanaf die gedoemde slawe in die sinkende galjoot. Met elke kragtige roeislag, word dit flouer en flouer.



## Hoofstuk 2

## IN DIE SLAWEKERKERS

'n Honderd slawe is in die slawekerker saamgepak. Dit is bedompig hier en ondraaglik is die stank. Hier is geen geriewe nie, geen water nie, nie eers drinkwater nie. Die kerker is niks meer as 'n stal nie - 'n stal wat nooit skoongemaak word nie.

Oor die jare heen word die een klomp slawe na die ander hier ingejaag. 'n Paar dae bly hulle hier. Dan word hulle weer aangejaag na die sôk van Tripoli, waar hulle aan die hoogste bieder verkoop word.

Die honderd slawe wat nou hier in die oggendkoue sit en bibber, verteenwoordig elke menslike groep en soort.

Jaap, Abrahm en Gog sit in 'n hoekie. Hulle, net soos die ander galeislawe, is heeltemal naakt. Selfs die ysterringe is gisteraand van hul enkels verwyder.

„Waarom saag hulle die ringe af?" het Jaap aan Abrahm gevra.

„Dit staan geskrywe!" het die Mohammedaan geantwoord.

„Beteken dit 'n verbetering in ons lot?" het Jaap volgehou.

„Wie sal antwoord?" was die wedervraag. „Dit hang van ons kopers af. Maar landslawe is meer werd as seeslawe en 'n galeiring sal 'n man se prys verlaag."

Hier is halfnaakte, git swart Nubiërs, Berbers in skaapvelklere, 'n hele aantal blanke Europeërs vanaf buitgemaakte skepe.

Hier is ook vroumense en kinders. 'n Plomp negermeidjie